

TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: **Steynsburg** Sinode: **NG Kerk in Oos-Kaapland**

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle

[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

- .. Kerkraad
- .. Wyke
- .. Kleingroepe
- .. Lidmate: byeenkoms

Lidmate: individueel

Ander: Elke limaat het 'n begeleidende brief ontvang en is skriftelik uitgenooi om te antwoord. Toe daar teen sluitingsdatum nog net 2 skriftelike antwoorde was, het sommige Kerkraadslede hulle wyke deurgebel en terugvoer gevra.

Vroeër vanjaar is daar vir elke wyk wyksbyeenkomste gehou waarin die "blou briefie" van die Sinode deeglik bespreek is, en die saak van Kerkhereniging deurgepraat is. Dit is egter voor die terugvoer deur die Sinode gevra is.

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

- Ja
- .. Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?

Mening oor die voorstel?

“Die Belydenis van Belhar bly 'n teer punt”

“Stem nie saam met Bleydenis van Belhar nie. Stem nie saam met Kerkhereniging nie”

“Kerkhereniging is nie aanvaarbaar nie” (9/9 respondente uit Wesyk)

“Polities Gefundeer”

“Afwysing daarvan kan sekerlik nie my Christenskap skaad nie”

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Alhoewel die model die versekering van eie beskikking op gemeentevlak onderskryf, bestaan daar twyfel oor sekere aangeleenthede, soos die volgende:

- Vrees dat “hulle” eendag op Rings- of Sinodale vlak die meerderheid kan word en dan van bo-af kan begin voorskryf t.o.v. “regstellende aksie” in die kerk en taalbeleid.
- Beheer oor finansies. Vrees vir wanbesteding indien bg. situasie werklikheid kan word.
- Mense is bang vir “oorname” soos wat in die skole gebeur het, sodat daar nie meer volkseie onderrig kon plaasvind nie.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Dit blyk te wees dat daar meer steun sal wees vir ‘n nuwe herenigde Algemene Sinode of selfs Streeksinode. Eenheid op Ringsvlak blyk egter vir die respondente ‘n bedreiging te wees, veral aangesien in ons Ringsgebied baie meer VGK gemeentes is as NG gemeentes.

Nuwe/ ander voorstelle?

Sien hierbo

D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Lidmate is onseker oor wat dit in praktyk vir hulle gaan beteken. Baie is egter uitgesproke skrikkerig oor gesamentlike projekte wat gesamentlike aanbidding / Bybelstudie / Nagmaal, edm insluit, uit vrees dat dit die grense tussen die drie gemeentes op die dorp, te wete die VGK (A) gemeente die VGK(X) gemeente en die NG Gemeente sal verwater.

Gesamentlike projekte op “neutrale grond” blyk meer aanvaarbaar te wees.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

Eenheidsprojekte tussen die APK, Gereformeerde Kerk en NG Kerk hier ter plaatse blyk hier die voorkeuraktiwiteit te wees.

E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

“Versoening is ‘n privaatsaak vir elke lidmaat”
“Nie almal het dieselfde behoefte om te versoen nie”
Die naam van Adriaan Vlok word gereeld in hierdie verband genoem as ‘n voorbeeld van versoeningspoging wat ge”backfire” het.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?

F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

Geen Uitspraak hieroor is gemaak nie.

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Let wel:

Bg. Siening weerspieël nie die siening van die leraar nie, maar van die gemeente. Aangesien die Sinode graag die mening van die gemeente in hierdie verband wou toets, is die leraar se persoonlike opinie glad nie hierin weergegee nie.

Sien asseblief ook aangehegte brief deur een van ons ouderlinge.